REFERAAT : VOLKSKONSILIE 2018

"Waarom is die teendeel van Psalm 23 heersend oor die Geloftevolk?"

Inleiding

1. Die antwoord op die vraag behoort twee belangrike aspekte nader toe te lig:

    1.1 Wat die huidige toedrag van sake veroorsaak het, dit is dat die Geloftevolk nie tans 'n Psalm 23-volk is nie;
    1.2 Watter struikelblokke in die pad staan daarvan dat die volk verootmoedig.

2. Die vraag strek derhalwe dieper as die identifisering van die volk se sondes en bring die werking van die proses van oorsaak en gevolg na vore:

    2.1 Omdat die Geloftevolk vir bepaalde redes van ons Hemelse Vader se nou pad afgedwaal het, het die volk in sonde verval;
    2.2 Omdat die volk in sonde verval het, word die volk getug en die tug is die volk se ballingskap.

3. By beantwoording van die vraag word die volgende benadering hierin gevolg:

    3.1 Daar word vlugtig gekyk na wat die sleutelbegrippe beteken;
    3.2 Daar word dan nagegaan hoe 'n Psalm 23-lewenswandel lyk;
    3.3 Daarna word die oorsake ondersoek waarom 'n Psalm 23 - lewenswandel nie deur die volk gevolg word nie;
    3.4 Ten slotte gaan gepoog word om 'n paar gevolgtrekkings te maak.

Sleutelbegrippe

4. Die volgende sleutelbegrippe word identifiseer:

4.1 Die kernbegrip in Psalm 23 is Dawid se getuienis “die HERE is my Herder”.

Dit is ‘n bekende en kragtige metafoor sprekend van die persoonlike en kollektiewe verhouding tussen ‘n herder en sy skape. “Die HERE” verwys na ons Hemelse Vader, JHWH, want Dawid leef onder die ou verbond. Vir ons onder die nuwe verbond sal “die HERE” eerder Jesus Christus (Jeshua Messias, die Gesalfde van ons Hemelse Vader) bedoel, want Hy het Homself as “die Goeie Herder” bekend gemaak.

Derhalwe getuig Dawid in Psalm 23 van sy toegewyde lewe aan sy Hemelse Vader terwyl die vraag onder bespreking die afwesigheid van ‘n toegewyde lewe aan die Here Jesus, ons Messias, bedoel.

4.2 Die ondersoek betrek “die Geloftevolk”. Onder “volk” word verstaan daardie uitgebreide groep families wat die nasate is van ‘n identifiseerbare eensgesinde groep persone; eensgesind ten opsigte van

- taal en kultuur;
- geloofsoriëntering en godsdiensbeoefening;
- waardes en strewes.

Byvoeging van die kwalifiserende beskrywing “gelofte” verwys voor die hand liggend na die bekende verbintenis tot die drie geloftes histories deur ons voorsate in Suid-Afrika afgelê:

- die Van Riebeeck-gelofte van 6 April 1654 (wat verkieslik die “Tafelbaai-gelofte” genoem kan word ter wille van eenvormigheid);
- die Bloedrivier-gelofte van 16 Desember 1838;
- die Paardekraal-gelofte van 13 tot 15 Desember 1880.

4.3 Die betekenis van die woord “heers” volgens die HAT verklarende woordeboek is die volgende:

- om aanwesig te wees;
- om die oorhand te hê.

Die woord “heersend” vervat in die stelling onder bespreking, beteken dat die bepaalde toedrag van sake bloot aanwesig is of aangetref word. Daarbenewens kan dit ook beteken dat “iets” (sekerlik ‘n omstandigheid, mag of krag) die volk verhinder om ‘n Psalm 23-lewenswandel te volg.

Derhalwe behoort oorweging van die oorsake ter sprake vir beide hierdie betekenis moontlikhede voorsiening te maak.

Elemente van die getuienis

5. Dawid se getuienis bevat die volgende elemente:

5.1 “Die HERE” word eerste gestel.

Ons Hemelse Vader het Homself nie in die Bybel bekend gemaak as die herder van die skape nie, wel dat hy Israel se eienaar is. Inteendeel, in Es 34 byvoorbeeld, word die geestelike leiers veroordelend aangespreek en na verwys as “die herders”.

In Jes 40:11 word geprofeteer “Hy sal Sy kudde laat wei soos ‘n herder; Hy sal die lammers in Sy arm vergader en aan Sy bors dra, die lammerooie sal Hy saggies lei”.

In Es 34:12 staan daar “ Soos ‘n herder vir sy trop skape sorg ... sò sal Ek vir My skape sorg ...”

En in :23 “..... en Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawid, hy sal hulle laat wei, en hy sal vir hulle ‘n herder wees”

:24 “..... en Ek, die HERE, Ek sal vir hulle ‘n God wees, en my kneg Dawid ‘n vors in hulle midde”.

In die profesieë word dus duidelik verwys na die Messias wat sou kom.

In Joh 10:14 sê die Here Jesus (Jeshua) die volgende: “Ek is die Goeie Herder, en ek ken My eie (skape) en word deur My eie geken ...

:15 Ek lê my lewe af vir die skape ...

:16 Ek moet hulle lei en hulle sal na my stem luister.”

Hy verduidelik dan ook dat Hy nie soos die huurling vlug wanneer die wolf kom nie.

:27 “My skape luister na my stem en ek ken hulle, en hulle volg my ...

:28 Ek gee hulle die Ewige Lewe en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie ...

:29 My Vader wat hulle aan my gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie ...

:30 Ek en die Vader is een.”

Derhalwe geld die volgende:

- Jesus Christus (Jeshua Messias) is die Goeie Herder;
- Sy Vader het die skape vir Hom gegee en Hy is nou die eienaar van die skape;
- Hy en ons Hemelse Vader, JHWH, is een.

Dawid se onomwonde getuienis spreek derhalwe van ‘n persoonlike verhouding waarin hy sy Herder eerste stel.

Die teendeel is dus die Geloftevolk het nie tans ‘n persoonlike verhouding met die Goeie Herder nie en stel Hom nie eerste nie.

Met ‘n “persoonlike verhouding” word natuurlik die volgende bedoel:

- al is Dawid een van die trop het hy ‘n een-tot-een verhouding met die Herder;
- hy maak derhalwe die Herder se beloftes sy eie;
- hy nader die Herder derhalwe direk en ook alleen;
- hy ontvang leiding van die Herder, ook direk en alleen;
- hy leef deur die geloof wat nie abstrak beleef word nie, maar baie direk en konkreet is.

5.2 Dawid getuig sy Herder:

- lei hom na oorvloedige weiding en rus;
- gee hom vrede en krag;
- lei hom op die regte/nou pad tot die eer van Sy Naam.

Die belangrike om waar te neem is dat Dawid hom láát lei.

Die teendeel hiervan is dat die volk hom nie deur die Goeie Herder laat lei nie

- nie na oorvloedige weiding en rus nie;
- ook nie op die nou pad nie;
- put derhalwe nie uit Hom vrede en krag nie;
- ken dus ook nie Sy waters van rus nie;
- is nie alleen van Hom afhanklik nie;
- en leef dus nie tot die eer van Sy Naam nie.

5.3 Vanweë Dawid se absolute afhanklikheid van die almag van sy Herder vrees hy nie die vallei van doodskaduwee nie (en ook nie die toekoms nie).

Die teendeel is gevolglik dat die Geloftevolk die gevare in die land en sy toekoms begin vrees het omrede hy nie volkome vertroue in die Herder se herderstaf het nie. Die Goeie Herder se liefdevolle beskerming (verteenwoordig deur Sy septer en staf) vertroos dus ook nie meer nie.

Dit is immers juis die funksie van ‘n goeie regering of koning om die volgende te doen:

- ‘n goeie bestaan vir sy onderdane moontlik te maak;
- te sorg dat geregtigheid in die land geskied;
- sy onderdane te beveilig teen alle gevare.

5.4 Dawid se getuienis neem vanaf vers 5 ‘n verrassende wending, naamlik dat Dawid se Herder ook sy gasheer is, want

- sy kop word met olie gesalf in hartlike ontvangs;
- sy beker word oorlopens toe vol geskink omdat hy so welkom is;
- hy kan hom sommer permanent in sy gasheer se woning tuismaak.

Hierdie uitsprake van Dawid aangaande die goedheid en guns (getrouheid, genade en seëninge) is na regte ‘n profetiese uitspraak van Dawid met verwysing na ons Hemelse Vader (die gasheer by die bruilofsmaal van die Lam as bruidegom) en ons ewige hemelse tuiste.

Die teendeel is dus dat die Geloftevolk nie sien of beleef dat sy Goeie Herder hom erkentelik dien en salf en met goedheid en guns oorlaai nie.

5.5 Samevattend kan ons derhalwe die vraag ter sprake soos volg stel:

Wat verhoed/maak dat die Geloftevolk nie tans ons Koning en Goeie Herder, Jesus Christus (Jeshua Messias), wat een met die Vader is,

- eerste stel en eerbiedig in Sy glorieryke soewereiniteit en afgesonderde eiesoortigheid (heiligheid) nie;
- volg deur met Hom te wandel in Sy rus, krag, versorging en guns nie;
- ervaar as vertroosting en beskerming nie, maar inteendeel gebuk gaan onder bekommernis en vrees;
- persoonlik ken as Hemelse Bruidegom en net aan Hom behoort nie?

Oorsake van die toestand

6. Die redes vir die huidige toedrag van sake kan onderskei word in eksterne en interne faktore, wat aanleiding daartoe gegee het.

6.1 Die volgende moet allereers aangaande die redes uitgewys word:

- die interafhanklikheid daarvan;
- die wisselwerking en oorvleueling daartussen;

- dat die redes gekategoriseer word sonder verwysing na al die toepaslike bewyse daarvoor;
- dat veralgemenend van die groter volk gepraat word en nie van die kleiner behoudende groeperinge onder die volk nie.

6.2 In 1946 het Hans du Plessis oor Afrikanereenheid ‘n artikel geskryf en gewaarsku dat die Afrikaner aan gevare blootgestel word, welke gevare hy bewoord in die begrip en taal van sy tyd, kortliks soos volg:

- die invloed van buitelandse immigrante;
- internasionale druk op gelykstelling tussen wit en swart;
- die oppervlakkige Amerikaanse jazz-gees;
- die uitwerking van kapitalisme;
- die groterwordende gaping tussen die godsdienstige en alledaagse lewe;
- die strewe na groter gerief, groter vertoon, meer eksotiese kosse, mooier en duurder klere, ensovoorts.

6.3 Samevattend interpreteer, waarsku Du Plessis teen die volgende:

- ‘n geweldige eksterne invloed op die Geloftevolk se eiesoortige karakter;
- ‘n interne gretigheid wat kan ontwikkel om behoudende waardes in te ruil vir wêreldse oppervlakkigheid.

7. Die volgende eksterne faktore word in terugskoue op die Geloftevolk se handel en wandel waargeneem:

7.1 Voorop staan die invloed van die liberalisme. Die uitwerking van die Franse rewolusie se gevolge saamgevat in die slagspreuk “vryheid, gelykheid en broederskap”, het soos ‘n vloedgolf oor die wêreld en ook oor Suid-Afrika gespoel. Daarvolgens

- word geen mag oor die mens verdra wat sy individuele vryheid kan beperk nie en alle mense word gelykgestel ongeag enige verskille;
- is God nie in beheer van wat op aarde gebeur nie en geen bonatuurlike openbaring van Hom bestaan nie;
- is geen norm of waarde absoluut nie, alles is derhalwe relatief, en sonder enige vaste verwysingspunt kan niemand sê wat is reg of verkeerd, goed of sleg, aanvaarbaar of onaanvaarbaar nie;
- slegs dít is waar wat die menslike verstand kan begryp en wat sigbaar/konkreet is terwyl dit vatbaar vir wetenskaplike bewys is.

Die kenmerke van die liberalisme kring so wyd uit dat elke faset van elke mens se lewe daardeur beïnvloed is en steeds word.

7.2 Die bose invloed van die Anglo-Amerikaans-Zionistiese denkrigting geborg en gedring deur die wêreldse geldmag en gedra deur die liberale massa media, het

- die bestaan en soewereiniteit van die Allerhoogste as enigste ware God van die Bybel onder twyfel gebring;
- die humanisme op die volk afgedwing;
- die volk se geloofswaardes ondermyn, die volk en sy waardes en strewes verguis en as belaglik voorgehou;
- die volk blootgestel aan New Age teologie en die gelykstelling van alle gelowe daarmee gepaardgaande;
- die volk se hele lewenswyse van afgesonderdheid en eiesoortigheid in toewyding aan sy Hemelse Vader gestigmatiseer.

7.3 Die volk se leiers/herders was nie in staat om hom daarteen te beskerm nie, inteendeel, hul deelname aan die ekumene en liberalisme het gemaak dat die leiers/herders meegedoen het aan die misleiding van die volk en was die leiers/herders telkemale self direk instrumenteel tot die misleiding.

8. Die volgende interne faktore word waargeneem:

8.1 Die volk het sy bewustheid van sy Goddelike roeping prysgegee. Die ergste is dat dit ‘n wilsbesluit was. Ons sien dit daarin dat weinig leiers vandag enige melding daarvan maak, in iedere geval geen prominente nasionale leier nie. Daar kan twee voorbeelde genoem word:

- die toonaangewende vakbondleier sê aan die skrywer de Vries dat die beweerde onheilige drie-eenheid tussen NG Kerk, Broederbond en Nasionale Party ‘n sameswerингsteorie is. “En dat ons, ons as ‘n uitverkore volk beskou. Ek het nog nooit ‘n Afrikaner ontmoet wat so dink nie. Ja, miskien ‘n paar idiote”;
- die bekende sanger en aktivis sê aan dieselfde skrywer die kompleks waaronder die Afrikanervolk ly kan herlei word “na die beginsel van uitverkorenheid. Die idee dat ons gewen het omdat God aan ons kant was. Dit is ‘n kleinsielige filosofie, ‘n bekrompe gedagte”. (Ongelukkig is beide hierdie persone dikwels Geloftedagsprekers).

8.2 Die volk het gaandeweg sy behoudende/konserwatiewe kultuur en karakter/ingesteldheid laat vaar. Weereens willens en wetens.

8.3 Die volk het dus bewustelik wêreldgelykvormig geword betreffende kuns, letterkunde, sport en lewensbeskouing. In 2014 maak Karel Combrinck op ‘n bekende webblad ‘n lysie van die moderne Afrikaner se kenmerke, soos volg:

- hy is materialisties;
- hy is kortsigtig (en sien nie die groter prent meer nie);
- fokus net op eie voordeel en genot;
- skram weg van konfrontasie (met ander woorde staan nie op vir wat reg is nie, soek voortdurend kompromie en die maklikste uitweg, die rol van die man in ons samelewing is ondermyn);
- hy is gemaksugtig;

- hy kies om eerder deel van die meerderheid te wees en in pas te wees;
- hy wil eerder as modern beskou word;
- hy wil die rigting volg wat die wêreldmedia aandui.

Voorgaande kenmerke kan bevestig word, maar dit kan bygevoeg word dat die Afrikaner dit alles doen of nalaat in die naam van liefde en onder die gedaante van godsaligheid. In werklikheid het afgod-aanbidding selfs ingetree en is selfverheerliking ter bevrediging van die ego aan die orde van die dag.

8.4 Die volk het meer waarde begin heg aan die wêreldse ideologie en filosofieë as aan Bybelse waarhede en beginsels. Sodoende het die volgende ingetree:

- "God en sy gebod" is nie meer eerste gestel nie;
- die uitgangspunt is nie meer "wat behaag ons Hemelse Vader" nie;
- die uitgangspunt en slagspreuk het eers geword "ons vir jou Suid-Afrika" en het nasionalisme as sodanig die afgod geword onder die dekmantel van Christelikheid ("Christelike Nasionalisme"). Waar beide nasionalisme en Christelikheid as sodanig aanbevelenswaardig is, het oormatige beroep daarop tot verabsolutering gelei en is die grens na ongesonde verafgoding oorgesteek. Die onderskeid tussen staat en kerk is ondermyn tot so 'n mate dat die kerk in die staat begin opgaan het. Die werke van die duisternis vergestalt in die geheime organisasies het deurgespoel na die totale volkslewe en veral die volksorganisasies;
- met die nuwe bedeling sedert 1994 het "ons vir jou Suid-Afrika" verander tot "alles ter wille van die handhawing van die Grondwet en ons demokrasie";
- die huidige verskuiwing is na die slagspreuk "solank ons ekonomie net staande bly" en verteenwoordig 'n volledige sirkelgang na die aanbidding van Mammon.

Die gemelde verskuiwings het begin voorkom in wat ons gesing en gepraat het. Ons het tekens daarvan ook gesien verskyn in ons monumente deurspek met Vrymesselaarsimbole, byvoorbeeld:

- die Voortrekker-monument met sy sarkofaag (‘n outydse doodskis van graniet of klip en die plan was om Piet Retief se beendere daarin te herbegrawe. Die sonstraal skyn op 16 Desember op die woorde “Ons vir jou Suid-Afrika” in duidelike simboliese songodaanbidding. Die werke van die duisternis kan met ‘n stok aangevoel word);
- die Paardekraal-monument waar geen Bybelvers op die terrein aangebring is nie. (Dit is in die vorm van ‘n obelisk wat onbeskaamd ‘n falliese simbool daarstel en songodaanbidding verteenwoordig).

Die volk het sy eie geloofswortels en geloftes as beskamend begin sien nadat dit vir lank bloot lippediens was. Dit was die kenmerk van ons 16 Desembers oor jare dat dit deur die politiek oorgeneem is. In werklikheid was dit die volk se eie eer en reputasie wat begin saakmaak het. Daar is toenemend op eie insig en bekwaamheid gesteun. Die volk het dus, onbewustelik waarskynlik, begin redeneer dat hy die Goeie Herder nie meer nodig het nie. Die politiese en ekonomiese suksesse van die sestigerjare het die volk vir homself met trots in hoogmoed aangespeld: “Kyk hoe skeppend en vaardig is die Afrikanervolk”, alles bloot lippediens onder die vaandel van Christelike Nasionalisme wat vandag nog die dryfkrag binne die meeste volksorganisasies is, asof ons Hemelse Vader

- Sy eer met die mens deel;
- nie Sy skape met Sy herderstaf sou aankeer en terugbring na Hom nie.

Gevolgtrekking

9. In die lig van voorgaande kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

    9.1 Die volk het sy nou pad van geloof in sy Hemelse Vader onder leiding van die Goeie Herder verlaat as gevolg van ‘n verandering in sy denke en hartsingesteldheid;

    9.2 Sonder ‘n sterk geloofsbegronding, kennis en standpuntinname onder leiding van sterk leiers, was die volk nie bestand teen die bose invloede van buite nie en het voorgaande verandering ingetree;

    9.3 Aangesien die innerlike oortuigings van die volk verander het, was die verandering van waardes en ingesteldheid ‘n bewustelike optrede in die waan dat dit “die regte ding is om te doen”. Die volk is dus mislei;

    9.4 Dit kan aanvaar word die eksterne invloede is gedryf deur die magte van die duisternis en met ‘n geestelike inhoud. Hierdie invloede het ‘n houvas op die volk se psige gekry dermate dat dit waarskynlik korrek is om tot die slotsom te kom dat die volk tans in die greep van die bose is;

    9.5 Die redes vir die huidige toedrag van sake en die Geloftevolk se gevangeneskap kan derhalwe aan voorgaande eksterne en interne faktore toegeskryf word.

BLOEMFONTEIN
30 Maart 2018